WENKE VIR BEGINNERONDERWYSERS – Drik Greeff

1. BAIE GELUK

Baie geluk! Jou groot droom om onderwyser te word, het waar geword. Jou droom is nou jou realiteit. ‘n Skool is ‘n mengelmoes van bedrywighede en dis uiters belangrik om van die begin of die regte en reguit pad te stap, want dit sal verseker dat jy werksbevrediging ervaar en gelukkig sal wees.

Hier volg ‘n klompie wenke wat ervare onderwysers graag met jou wil deel:

2. OP PERSOONLIKE VLAK

Hoekom het jy ‘n onderwyser geword? Hierdie is ‘n belangrike vraag, want mens moet jouself voortdurend herinner aan hierdie droom, hierdie doel en inspirasie, want dis die vuur in jou wat jy vir die volgende 40 jaar helder moet laat brand om van jou lewenstaak, ons wonderlike onderwysberoep, ‘n sukses te maak.

Maak ‘n verskil: Jy het nou die geleentheid, en verantwoordelikheid, om kinders se lewens ten goede te verander. Soos Malcolm Forbes tereg gesê het: “... to replace those empty minds with open minds.” Talle suksesvolle mense se toekomsdrome sal in jou klaskamer begin. Gebruik dus die geleentheid en maak ‘n verskil in hul jong lewens. Dis beslis die hoogtepunt van enige onderwyser(es) se loopbaan: Om te sien hoe suksesvol die leerders as volwassenes is.

Kinders het nie ‘n volmaakte onderwyser nodig nie; slegs ‘n gelukkige onderwyser. Geluk is nie 'n vlietende emosie nie; dit is 'n keuse wat ons elke dag maak. Deur bewustelik op ons eie welstand te fokus, positiewe verhoudings te bou en die vreugde van onderwys te geniet en self te skep, kan ons klaskamers skep wat nie net plekke van onderrig is nie, maar veilige hawens vir groei en gedeelde geluk. Positiwiteit is aansteeklik en so skep ‘n mens ‘n positiewe lewensuitkyk by leerders en maak hulle gelukkig. Kortom, the heart of education is the education of the heart.

3. DIE SKOOLHOOF

Respekteer altyd jou skoolhoof: Skoolhoofde beklee belangrike leiersposisies as gevolg van hul bekwaamheid en leierskapsvaardighede. Hulle beskik oor jare se ondervinding om die kompleksiteite van skooladministrasie, kurrikulumontwikkeling en leerder- en onderwyserwelstand te bestuur. Hul insigte en leiding is van onskatbare waarde.

Goeie kommunikasie: Hou die skoolhoof ingelig oor jou suksesse, uitdagings en enige leerderkwessies. Gereelde kommunikasie bou vertroue en bevorder 'n samewerkende omgewing.

Neem aktief deel aan skoolinisiatiewe: Toon jou bereidwilligheid om by te dra tot die skoolgemeenskap deur betrokke te raak by aktiwiteite, komitees of professionele ontwikkelingsgeleenthede.

Terugvoer en leiding: Moenie huiwer om die skoolhoof te vra vir terugvoer oor jou onderrig en voorstelle vir verbetering nie. Wees oop vir konstruktiewe kritiek en leiding van die skoolhoof. Hul insig kan jou help om professioneel te groei.

Vermy onnodige konflik: As jy bekommernisse het, bespreek dit met respek en professioneel met die skoolhoof. Soek oplossings deur oop kommunikasie en kompromieë.

Onthou, die skoolhoof is daar om leiding te verskaf en om jou te ondersteun. As jy uitdagings in die gesig staar, reik uit vir hulp.

4. KOLLEGAS

Wees n vriendelike kollega en goeie vriend: Jy is nou deel van ‘n span en jou positiewe aandeel is belangrik vir die effektiwiteit en produktiwiteit van die span. Bou positiewe verhoudings, want dit is ‘n onontbeerlike element vir gesonde spangees en samewerking. Lojaliteit en respek is baie belangrik.

Identifiseer vir jou ‘n mentor/rolmodel: Soek ervare onderwysers wat jy kan nader vir leiding en ondersteuning. Hul insigte in skoolkultuur, kurrikulumvereistes en klaskamerbestuur kan van onskatbare waarde wees.

Samewerking: Deel lesplanne, onderrigwenke en hulpbronne met kollegas. Gesamentlike beplanning kan jou eie onderrig verryk en alle leerders bevoordeel.

Respekteer diversiteit van menings: Openbare skole sluit 'n groot verskeidenheid onderrigstyle en filosofieë in. Luister met 'n oop gemoed na jou kollegas se advies en leer vanuit hul perspektiewe.

Wees ‘n vrywilliger en wys jy is bereid om te leer en te help met skoolaktiwiteite. Jou kollegas sal jou hulp waardeer en bereid wees om vir jou ‘n guns te doen wanneer jy hulp nodig het.

Wees ook vriendelik met die administratiewe personeel, die opsigter en die skoonmakers: Behandel hulle met respek, want hulle kan jou lewe baie vergemaklik. Of moeilik maak.

Vermy skinderbekke, klakouse, klieks en negatiwiteit.

Personeelkamer: Vra beleefd waar jy in die personeelkamer kan sit. Personeellede het hul gunstelingplekke by hulle vriende waar hulle pouses ontspan. Skakel by vriendelike en positiewe mense in.

Parkering: Vind uit waar jy jou motor kan parkeer voordat jy per ongeluk in iemand anders se parkeerplek beland, of erger nog, die skoolhoof se parkeerplek.

5. DIE LEERDERS

Behandel die leerders soos wat jy jou eie kinders sal behandel, want vir minstens 200 dae per jaar is jy volgens wet die *in loco parentes,* met ander woorde, die plaasvervangende ouer terwyl hulle by die skool is. Wees dus lief vir hulle, veral vir daardie kinders wat dit die minste verdien.

Leer hulle individueel ken: Die leer van hulle name is ‘n prioriteit. Leer ook meer van hulle belangstellings, agtergrond, sterkpunte, uitdagings en leerstyle.

Skep 'n veilige en inklusiewe klaskamer: Maak seker dat elke leerder gerespekteer en gewaardeer voel, ongeag hul agtergrond of vermoëns. Bevorder oop kommunikasie en spreek enige boeliegedrag of diskriminasie vinnig aan.

Stel duidelike verwagtinge en gee gereelde terugvoer: Kommunikeer leerdoelwitte, assesseringskriteria en klasreëls duidelik. Gee gereeld konstruktiewe terugvoer om leerders te help verbeter.

Wees ferm, regverdig, konsekwent en toon respek. Moenie witbroodjies hê nie, want dit sal jou klaskamermoraal en vertrouensverhouding met leerders groot skade berokken.

Wees eerder 'n bietjie te streng met leerders aan die begin van jou loopbaan. Dis bykans onmoontlik om dissipline later op te skerp.

Moenie bevooroordeeld wees ten opsigte van leerders se vermoëns of persoonlikheid nie. Elke leerder het ‘n unieke potensiaal en uitdagings. Vermy stereotipering. Glo in tweede kanse. Leerders is nog in ‘n proses van ontwikkeling en sal soms fouteer, want hulle besef van nagevolge is nog nie ten volle ontwikkel nie.

Glo aan die krag van die woordjie “nog”. (The power of “yet”.) Daar is ‘n groot verskil tussen “Ek ken nie die werk nie.” en “Ek ken **nog** nie die werk nie.” “Ek kan nie die som doen nie.” En “Ek kan **nog** nie die som doen nie.” Die spoed van leer wissel van kind tot kind. Moenie ‘n stadige leerder afskryf nie; want dit neem hom dalk net ‘n bietjie langer om die werk baas te raak. Elke leerder benodig jou ondersteuning en leiding. Bied dus ekstra hulp aan diegene wat dit die nodigste het. ‘n Kind wat moet hard werk om suksesvol te wees se deursettingsvermoë sal hom waarskynlik eendag ook help om van sy loopbaan ‘n sukses te maak.

Wees vriendelik, maar nie vriende nie. Groet alle leerders vriendelik, maar moet nooit familiêr raak of met hulle flankeer en verhoudings aanknoop nie.

Moet nooit jou humeur verloor nie, want dan verloor jy beheer oor die situasie. Moenie in ‘n openbare bekgeveg betrokke raak met leerders nie. Soms is hulle uitdagend en soek skoor met die onderwyser voor die klasmaats. In so ‘n geval moenie aan hom/haar die geleentheid of platform gee nie. Een enkele verkeerde woord kan jou loopbaan vernietig. As daar ‘n meningsverskil is, bespreek dit privaat met die leerder.

Prys iemand in die openbaar, maar berispe hom/haar in privaatheid. Hierdie sluit aan by bogenoemde en is ‘n belangrike bestuursbeginsel, asook vir goeie menseverhoudinge.

Moenie gedurig op kinders skree nie. ‘n Mens verhef slegs jou stem as jy iemand wil prys en nooit omdat jy kwaad is nie..

Onderrig die kinders – nie net die kurrikulum nie. Onderwys gaan nie net oor vakkennis, sport- en kulturele prestasies nie. Dit gaan oor baie meer: die opvoeding van ‘n kind tot ‘n gebalanseerde, gelukkige volwassene. Baie van die vakkennis wat jy hulle leer, sal hulle vergeet. Maar hulle sal nooit vergeet hoe jy hulle laat voel het en die waardes wat jy vir hulle geleer het nie.

Kinders hou van klaskamerroetine. Wees dus georganiseerd, beplan vooruit en kontroleer die uitvoer van opdragte en vier hoogtepunte, suksesse en goeie werk. Wees ‘n ware leier met klasaktiwiteite, want dit is jou voorreg en verantwoordelikheid. Vermy impulsiewe optrede, verrassings, chaos en gemoedskommelings. Selfs verrassings moet kreatief beplan wees.

6. DIE KURRIKULUM

Begin met 'n sterk grondslag: Wees ‘n kenner van jou vak. Delf dieper as die handboek. Raak betrokke by verskillende perspektiewe, werklike toepassings en onlangse ontwikkelings in jou vak. Jou passie en kennis sal leerders inspireer. Wees ook eerlik: As jy iets nie weet nie en moedig leerders aan om saam met jou na die antwoord te soek.

Ken alle toepaslike departementele kurrikulum- en assesseringsbeleidsdokumente, sodat jy presies weet wat departementeel van jou verwag word. Raadpleeg gereeld jou vakhoof en woon alle departementele inligtingsessies by. Om jou onderrig met hierdie departementele doelwitte in lyn te bring, vereis fokus en doeltreffendheid.

Ontwikkel 'n oorsig en volgorde vir die hele akademiese jaar. Dit behels beplanning van watter temas om te dek en wanneer om dit te doen.

Verdeel die kurrikulum in werkbare eenhede of modules. Hierdie benadering maak dit makliker om jou onderrig te organiseer en dit vir die leerders makliker maak om die inhoud te verstaan.

Prioritiseer leerdoelwitte vir elke eenheid. Fokus op die belangrikste konsepte en vaardighede wat van kardinale belang is vir die leerders se begrip en toekomstige leer.

Koppel jou vakinhoud met die werklikheid. Dit sal leerders die waarde van die vak laat besef, hul belangstelling prikkel en motiveer. Dit lei tot beter begrip van die inhoud.

Gebruik verskillende onderrigstrategieë en -metodes. Maak jou onderrig interessant en boeiend. Verskeidenheid is die sleutel: Moenie by een onderrigmetode hou nie! Oorweeg besprekings, groepaktiwiteite, projekte, simulasies, speletjies, storievertelling, tegnologie-integrasie en praktiese ervarings. Maak ook voorsiening vir verskillende leerstyle van kinders.

Benut die vier prominente leerstyle: Vier prominente metodes neig om die sterkste by leerders aanklank te vind: die visuele, ouditiewe, kinestetiese en lees/skryfstyle. **Visuele leerders** floreer op beelde, diagramme en kleure, en absorbeer inligting die beste deur te sien. **Ouditiewe leerders** verkies verduidelikings en besprekings, en onthou gesproke inligting effektief. **Kinestetiese leerders** leer die beste deur te doen, hul liggaam en beweging in die leerproses te betrek. Laastens, **lees/skryf leerders** presteer met geskrewe teks, begryp konsepte deur gestruktureerde notas en verduidelikings. Opvoeders behoort dus hul metodes aan te pas om alle leerders te help om hul leerpotensiaal te ontsluit.

Berei jou lesse deeglik voor en bied dit interessant en entoesiasties aan. Die deeglike voorbereiding en entoesiastiese aanbieding van lesse is van kardinale belang vir 'n effektiewe onderrig- en leerervaring. Hierdie proses verseker nie net dat die onderwyser 'n stewige begrip van die kurrikulum het nie, maar ook dat die leerstof op 'n boeiende en toeganklike wyse oorgedra word. Deur 'n entoesiastiese benadering te handhaaf, kan 'n onderwyser die leerders se aandag vasvang, hulle motiveer en 'n positiewe atmosfeer in die klaskamer kweek wat uiteindelik die leerproses versterk. Wys dus jou passie en entoesiasme vir jou vak.

Klastyd is heilig: Moet nóóit jou klas vir onbenullighede verlaat nie. Jy is wetlik verplig om toesig te hou oor die leerders én hulle te onderrig. Pouses en afperiodes is daar vir vergaderings, oproepe of afsprake. Maak hoflik verskoning indien ‘n enige person wil inbreuk maak op jou onderrigtyd.

Leer jou leerders ken: Om hul voorafkennis, leerstyle en individuele behoeftes te verstaan, help jou om jou benadering aan te pas en enige leeruitdagings aan te spreek.

Motiveer en inspireer die leerders: Stel doelwitte en moedig hulle aan om die doelwitte te bereik. Vier hul suksesse: Wens hul geluk met goeie werk en vertoon dit byvoorbeeld in die klas.

Nasienwerk: Bly op datum. Die departementele assesseringsprogram is verpligtend. Afhangende van die graad van die leerders is dit nie noodwendig nodig om alle huiswerk self na te sien nie, maar laat ‘n voetspoor in alle leerders se werkboeke en maak seker hul huiswerk word gedoen.

Nabetragting: Doen voortdurend nabetragting en maak seker of jou eie, asook leerderdoelwitte bereik is. Kyk na die standaard en die effektiwiteit van jou onderrig en assessering. Indien die goed is, klop jouself en die leerders op die skouer; indien nie, pas jou planne aan en probeer weer.

Soek ondersteuning en samewerking: Moenie bang wees om hulp van ervare kollegas, mentors of opvoedkundige hulpbronne te vra nie. Samewerking kan waardevolle terugvoer en nuwe idees verskaf.

Sluit elke les/elke dag op ‘n positiewe noot af. En ‘n voorsmakie van die interessante werk wat volgende gedoen gaan word – amper soos die voorskou van ‘n TV-sepie.

Lewenslange leer: Wees geduldig en laat jouself toe om as onderwyser te leer en te groei. Vakinhoude, tegnologie, onderrig- en leermetodes verander voortdurend en as onderwysers moet ons nie net op hoogte van ontwikkelinge bly nie, maar op die voorpunt van ontwikkeling en implementering staan.

Geniet die reis: As jy dit nie geniet nie, doen jy iets verkeerd. Met toewyding en voortdurende verbetering kan jy 'n positiewe en boeiende leerervaring vir jou leerders skep.

7. DIE OUERS

Wees positief teenoor ouers en behandel hulle met respek: Respekteer alle ouers, ongeag hul finansiële of beroepstatus. Beklemtoon leerders se sterkpunte en vordering, maar selfs wanneer bekommernisse bespreek word, doen dit met respek en lê klem op die samewerking tussen onderwysers en ouers.

Opvoedingsvennote: Beskou ouers as vennote in die opvoedingsproses en maak hulle deel daarvan. Nooi hulle om skoolaktiwiteite by te woon en betrokke daarby te wees.

Kommunikasie: Wees bereid om inligting oor klaskameraktiwiteite, vordering en enige ander belangrike aspekte van hul kinders se skoolloopbaan te deel. Oueraande is die ideale geleenthede om die ouers te ontmoet en oor hul kinders te gesels

Toeganklikheid: Wees toeganklik vir ouers, hetsy deur persoonlike gesprekke, e-pos, of ander kommunikasiemiddels. Maak seker dat hulle weet dat jy bereid is om hulle vrae en bekommernisse aan te spreek.

Luister na bekommernisse: Luister aktief na ouers se bekommernisse en vrae sonder om hulle te onderbreek. Toon empatie en toon dat jy hul insette waardeer. Probeer gesamentlik na oplossings vir moontlike probleme soek.

Positiewe terugvoer: Verskaf positiewe terugvoer oor die vordering en prestasies van hul kinders. Hierdie erkenning bou 'n positiewe verhouding tussen die ouers, die leerder, en jou as onderwyser.

Hulpbronne: Lig ouers in oor enige ekstra hulpbronne of ondersteuningsmateriaal wat beskikbaar is om hul kinders se leer te bevorder. Dit kan buitemuurse aktiwiteite, aanvullende leesstof, of aanlynhulpbronne insluit.

Wees professioneel: Hanteer ouers professioneel en met respek.

Positiewe nuus én uitdagings: Deel nie net positiewe nuus met ouers nie, maar wees ook eerlik oor uitdagings of areas waarin die leerder dalk addisionele ondersteuning benodig. Dit help om samewerking tussen die skool en die ouerhuis te bevorder.

Stel doelwitte en verwagtinge: Maak duidelike doelwitte en verwagtinge vir die klas en deel dit met ouers. Hulle moet 'n duidelike prentjie hê van wat hulle van jou as onderwyser en die klaskamer kan verwag.

Respekteer diversiteit: Erken en respekteer die diversiteit van gesinne en ouerverwagtinge. Wees sensitief vir kulturele, ekonomiese, en sosiale verskille.

Betrokkenheid in skoolaktiwiteite: Moedig ouers aan om betrokke te raak by skoolaktiwiteite en projekte. Hierdie betrokkenheid skep 'n sin van gemeenskap binne die skoolomgewing.

Vier leerders se prestasies: Vier die prestasies van leerders saam met ouers, of dit nou akademiese, kunstige, of sport prestasies is. Hierdie positiewe benadering versterk die leerders se selfbeeld en motivering.

8. SPORT- EN KULTURELE AKTIWITEITE

Die belangrikheid van buitemuurse aktiwiteite: Buitemuurse aktiwiteite is van kardinale belang vir 'n kind se opvoeding. Dit bevorder nie net fisiese gesondheid deur sport nie, maar ook sosiale vaardighede, karakterontwikkeling, en kreatiewe uitdrukking deur kulturele aktiwiteite. Hierdie ervarings dra by tot 'n holistiese en uitgebreide opvoeding en vorming van die kind se karakter.

Voordele van Betrokkenheid by Buitemuurse Aktiwiteite:

- **Bou van verhoudings:** Deur 'n sportsoort af te rig of 'n klub te lei, stel jou in staat om met leerders buite die klaskamer te skakel. Dit bevorder verhoudings en wedersydse begrip.
- **Ontdek leerders se sterkpunte:** Jy kan leerders in verskillende omgewings sien, talente en belangstellings ontdek wat jy dalk nie in die klas sien nie.
- **Professionele ontwikkeling:** Om by aktiwiteite betrokke te wees, kan jou blootstel aan nuwe vaardighede, leierskapsgeleenthede en samewerkingsmoontlikhede.
- **Skoolgemeenskapsbetrokkenheid:** Om deel te wees van buitemuurse aktiwiteite demonstreer jou toewyding aan die skool en sy holistiese ontwikkeling.

Oorwegings vir jou betrokkenheid:

- **Kennis, vaardighede en belangstellings**: Die toedeling van buitemuurse aktiwiteite word gewoonlik deur die skoolhoof en sy bestuurspan gedoen. Wees van die begin af eerlik ten opsigte van die aktiwiteite waarin jy belangstel en kan help, want dit sal jou betrokkenheid meer bevredigend en volhoubaar maak – vir jou en die leerders.
- **Skoolbehoeftes:** Bestudeer die skool se bestaande programme en identifiseer areas waarby jy graag betrokke wil wees. Bespreek dit so gou as moontlik met die skoolhoof.
- **Begin as 'n beginner:** Oorweeg dit om gevestigde afrigters by te staan voordat jy 'n leidende rol aanneem. Dit vergemaklik jou oorgang en bied waardevolle leergeleenthede.
- **Wees ‘n vrywilliger:** Bied jou hulp aan ten opsigte van aktiweite waarin jy belangstel.
- **Spanwerk:** Dis nie net die leerders wat as spanne speel nie, maar die onderwysers werk ook saam as ‘n span. Beplan saam en vra jou kollegas se raad ten opsigte van afrigting en die administratiewe kwessies.

9. JOU KLASKAMER

Die opgradering van jou klaskamer van 'n steriele en oninteressante lokaal in 'n lewendige en stimulerende leeromgewing is die sleutel tot die bevordering van betrokkenheid en motivering by jou leerders. ‘n Interessante klaskamer skep ‘n positiewe onderrig- en leeratmosfeer wat kreatiwiteit aanmoedig en visuele ondersteuning bied van vakinhoude.

Hier volg ‘n paar wenke oor hoe en wat om te oorweeg:

Skoon en netjies: Voordat kinders pouses die lokaal verlaat of klasse wissel, moet jy sorg dat die meubels weer netjies gerangskik is en daar geen papiere rondlê nie. Sorg ook dat jou klaskamer minstens daagliks skoongemaak word. Geen mens kan tuis voel in ‘n vuil lokaal tussen ander se gemors nie. Prente teen die aansteekborde moet met genoeg drukspykers vasgesteek wees.

Kies ‘n tema: Kies ‘n gepaste tema wat aansluit by vakinhoude. Versier die klas met eie skeppings van leerders, foto’s, plakkate, kaarte, voorwerpe, ens.

Laat die mure praat: Plaas byvoorbeeld motiveringspreuke, klasreëls, moeilike spelwoorde, wiskunde-stellings en voorbeelde van leerders se werk op die aansteekborde. Selfs ‘n groot muurskildery deur kunstige leerders of kaart kan baie gepas wees.

Meubels en klasontwerp: Indien moontlik, gebruik verskillende soorte meubels en ortwerp die klas so dat dit voorsiening maak vir verskillende soorte aktiwiteite, byvoorbeeld matwerk, ‘n leeshoekie met kussings, groepwerk, boekrakke, kratte om voorraad veilig en netjies te stoor, ens.

Benut tegnologie: Integreer tegnologie in jou aanbiedings en verwys ook jou leerders na nuttige webtuistes, selfoontoepassings en opvoedkundige speletjies wat die onderrig versterk.

Die versiering van jou klaskamer is ‘n voortdurende proses wat gereeld aangepas behoort te word soos wat die jaar vorder en leerinhoude verander. Dis egter die moeite werd, want dis ‘n interessante omgewing wat leerders motiveer en die leerproses stimuleer.

10. KLEREDRAG

Verskillende skole het verskillende klerereëls vir onderwysers. Nuwe onderwysers moet hul dus so gou moontlik vergewis van die reëls en daarby hou. Dit sal waarskynlik die professionele beeld van die onderwysprofessie ondersteun, maar ook gepas wees ten opsigte van die akademiese en buitemuurse aktiwiteite wat aangebied word. Professionele drag versterk 'n opvoeder se geloofwaardigheid en dwing respek af, maar slonserige en uitlokkende klere rig groot skade aan ten opsigte van respek vir onderwysers, dissipline van die skool en goeie personeel/leerderverhoudings.

‘n Maklike riglyn is die volgende: “When you sit or bend and there is something to see, go home and dress appropriately.”

11. WERKSETIEK

Werksetiek is ‘n stel persoonlike standaarde en weerspieël ‘n onderwyser se ingesteldheid teenoor sy werk. Onderwysers met ‘n sterk werksetiek is hoogs gemotiveerd en lewer voortdurend werk van hoogstaande gehalte. Hulle is altyd bereid om ongevraagd die ekstra myl te loop om te verseker dat werk betyds en suksesvol afgehandel word. (‘n Gedragskode van ‘n skool is die minimum standaarde wat ‘n skool stel aan al die personeellede om professionaliteit en kwaliteit onderrig by alle onderwysers te verseker.)

Werksetiek sluit onder andere die volgende etiese standaarde in:

Integriteit: Handhaaf eerlikheid en getrouheid in alle professionele interaksies.

Respek: Hanteer leerders, kollegas, en ouers met waardigheid en regverdigheid, erken diversiteit en individuele verskille.

Professionele bevoegdheid: Streef na voortdurende professionele ontwikkeling om onderrig-vaardighede te handhaaf en verbeter.

Vertroulikheid: Beskerm vertroulike inligting oor studente en kollegas.

Regverdige assessering: Voer regverdige en onpartydige assessering uit, en gee konstruktiewe terugvoer om leerders se ontwikkeling te ondersteun.

Gelykheid en regverdigheid: Bevorder gelykheid deur die diverse behoeftes van alle leerders aan te spreek, ongeag agtergrond of vermoë. Moet niemand voortrek of benadeel nie.

Kindersorg: Prioritiseer die veiligheid en welsyn van leerders, en rapporteer enige bekommernisse dadelik. Wees dus bewus van die inhoud van die Kinderwet.

Professionele grense: Handhaaf toepaslike professionele grense met leerders en vermy enige gedrag wat as onvanpas beskou kan word.

Nakoming van beleid: Volg skoolbeleide en riglyne, pas dit konsekwent toe en verseker nakoming van etiese en wettige standaarde.

Positiewe rolmodel: Tree op volgens etiese en morele waardes en dien as 'n positiewe rolmodel vir leerders.

Deursigtigheid: Kommunikeer openlik en eerlik met leerders, ouers, en kollegas oor opvoedkundige praktyke en verwagtinge.

Samewerking: Werk nou saam met kollegas as ‘n span tot voordeel van die leerders se leerervaring.

Respek vir tyd: Wees te alle tye stiptelik en respekteer spertye.

Goeie menseverhoudinge en maniere: Onderwysers, die opvoedkundige leiers in ons land, behoort ‘n toonbeeld te wees van uitstekende menseverhoudinge, want dit is deel van die opvoedingsproses.

Privaat lewe: Onderwysers is openbare figure en hoe hulle in hul privaat hoedanigheid optree, asook die inhoud wat hul op sosiale media plaas, moet die toets van welvoeglikheid slaag en nie hul professionele beeld skade berokken nie.

The Code of Professional Ethics: Hierdie is die verpligte stel Etiese Standaarde wat aan álle onderwysers in Suid-Afrika gestel word deur die South African Council for Educators (SACE). Neem asseblief deeglik hiervan kennis. Dis beskikbaar by https://www.sace.org.za/pages/the-code-of-professional-ethics

12. PERSOONLIKE FINANSIES

Dis so lekker om ‘n eie salaris te verdien, maar ‘n beginneronderwyser staar finansiële uitdagings in die gesig. Jy is nie meer ‘n student nie en skielik moet jy volle finansiële verantwoordelikheid aanvaar vir jou lewe. Dis ‘n ingewikkelde balanseertoertjie van moontlike studieskuld, basiese uitgawes soos verblyfkostes en lewensbenodigdhede aan die een kant en ‘n beginnersalaris aan die anderkant. Die bekwame hantering van jou persoonlike finansies is dus uiters belangrik. Hier volg ‘n klompie wenke:

Departementele aanstelling: Die meeste onderwysers begin as beheerliggaamaanstellings, maar dis uiters belangrik om alles in jou vermoë te doen om departementeel aangestel te word. Die salaris is dikwels beter, asook die baie belangrike byvoordele soos pensioenfonds, subsidie vir mediese fonds en ‘n behuisingsubsidie.

Begroting: Stel elke maand ‘n persoonlike begroting op van inkomstes en uitgawes. Identifiseer vaste en veranderlike uitgawes om jou finansiële situasie beter te bestuur. Maak seker jou begroting balanseer en hou daarby.

Leef volgens jou inkomste: Pas jou leefstyl by jou inkomste aan. Moenie hoër vlieg as wat jou vlerke lank is nie. ‘n Beginner begin onder en nié waar jou ouers is aan die einde van hul loopbane nie. Moenie met vriende kompeteer of probeer tred hou t.o.v. motors, meubels en huise nie. Leef en woon so goedkoop moontlik en spaar maksimum aan die begin van jou loopbaan, veral voordat jy trou en met ‘n gesin begin.

Vermy skuld: Moet nóóit jou leefstyl finansier deur geld te leen nie. Spaar liewer voordat jy iets koop, want dis baie goedkoper as skuld.

Indien jy noodgedwonge skuld moet aangaan, beperk dit tot die minimum. Betaal kredietkaart- en ander skuld betyds om hoë rentekoerse en ‘n slegte kredietrekord te vermy.

Vaste eiendom: Dis die enigste “goeie” skuld wat mens behoort te hê, want dit is ‘n langtermynbelegging waarvan die waarde toeneem met verloop van tyd. Probeer om dit egter so vinnig moontlik af te betaal, want die besparing is beduidend.

As jy byvoorbeeld beplan om jou huisverband van R1 000 000 oor 20 jaar af te betaal, betaal jy bykans R1,5m rente oor die tydperk teen die huidige rentekoers van ±11%. Indien jy R1 000 ekstra per maand betaal, spaar jy bykans R470 000 en jy betaal die huis in 15 jaar af.

Maak seker jou huis is afbetaal teen die tyd dat jy ±50 jaar oud is, want dit is gewoonlik die tyd wanneer jou kinders universiteit toe gaan en trou.

Pensioenbeplanning: Pensioenbeplanning begin nie 5 jaar voor mens aftree nie. Nee, dan is dit hopeloos te laat. Pensioenbeplanning behoort te begin op die heel eerste werksdag van jou lewe. Begin vroeg, selfs as beheerliggaamonderwyser, want selfs 'n klein bydraggie kan oor ‘n lang tydperk aansienlik groei. Liewer te veel te vroeg as te min te laat, want sodoende kry jy die voordeel van saamgestelde rente. ‘n Betroubare, geregistreerde finansiële adviseur behoort jou goeie advies te kan gee.

Die Regeringsdienspensioenfonds is ‘n uitstekende pensioenfonds, maar ‘n mens moet in gedagte hou dat die grootte van ‘n mens se pensioen van die volgende faktore afhang:

- Lengte van ononderbroke pensioendraende diens. ‘n Mens moet dus so vroeg moontlik ‘n departementele pos kry en so lank as moontlik ‘n departementele pos beklee.
- Die gemiddelde salaris van die laaste 24 maande diens. Persone in bevorderingsposte se pensioen behoort dus groter as posvlak 1-onderwysers se pensioen te wees, indien hulle dieselfde diensjare het. Beplan dus jou loopbaan, maak seker jy verbeter jou kwalifikasies en doen aansoek vir geskikte bevorderingsposte.

Betaal jouself eerste: Besluit op ‘n bedrag wat jy maandeliks wil belê as ‘n langtermynneseier, byvoorbeeld 5% van jou inkomste. Begin belê in 'n gediversifiseerde portefeulje. Raadpleeg 'n finansiële adviseur om die beste plan vir jou situasie te bespreek en reël met die bank dat dit outomaties plaasvind.

Skep ‘n noodfonds: Dit kan ongeveer 1 – 3 maande se salaris wees. Dit kan dien as 'n finansiële vangnet en voorkom dat jy in skuld beland tydens noodgevalle. Onvoorsiene uitgawes is soos ‘n motor wat onklaar raak, bande wat vervang moet word, ‘n wasmasjien of ‘n yskas wat breek.

Noodsaaklike uitgawes eerste: Prioritiseer noodsaaklike uitgawes, soos kos, verblyf, en mediese koste, voordat jy nie-essensiële aankope maak.

Belastingvrye beleggings: Tans kan mens R36 000 per jaar belastingvry belê tot ‘n maksimum van R500 000. Hierdie goeie voordeel is hoofsaaklik vir langtermynbeleggings.

Voortgesette opleiding: Verbeter jou kwalifikasie en woon professionele ontwikkelingsgeleenthede by. Dit kan nie net jou kennis verbreed nie, maar ook jou loopbaanvooruitsigte en finansiële posisie uiteindelik verbeter.

Versekering: Ondersoek en bekom selektiewe versekering, byvoorbeeld ‘n Mediese Fonds. .

Wees versigtig vir geldmaakskemas: Buitengewone hoë renteopbrengste is nie moontlik nie. Doen jou eie navorsing oor beleggings en moenie jou swaarverdiende geld waag op twyfelagtige skemas nie. Belê slegs by goedgekeurde finansiële instellings. En moenie dobbel nie.

Finansiële geletterdheid: Verbeter jou kennis van finansiële geletterdheid. Lees boeke, volg kursusse en bly op hoogte van finansiële nuus en tendense.

Mense en hul omstandighede is uniek. Pas dus hierdie wenke aan volgens jou persoonlike behoeftes ten einde finansiële sekerheid te geniet.

13. ALGEMENE WENKE

Ondersteuningstelsel: Buite skoolverband is jou gesin, jou familie en vriende jou belangrikste ondersteuningstelsel. Koester daardie bande.

Professionele ondersteuningstelsel: Sluit aan by ‘n Onderwysvakbond vir professionele ondersteuning. Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) is ‘n vakbond wat uitstekende ondersteuningsdiense, asook professionele ontwikkelingsdiense bied.

Oorweeg dit ook om by vakgroepe aan te sluit op sosiale media, maar moet nooit nalaat om jou kollegas eerste te raadpleeg as jy hulp nodig het.

Noodsaaklike dokumente: Dis baie belangrik om deeglik kennis te dra van alle nasionale en provinsiale onderwyswetgewing en beleidsdokumente, asook die skool se eie beleidsdokumente en skoolreëls.

Die belangrikste dokumente wat onmiddelik deeglik bestudeer moet word, is die volgende:

- Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (KABV, die sogenaamde CAPS)
- Die Personnel Administrative Measures (PAM) wat alle diensvoorwaardes bevat.
- Die Annual Teaching Plans (ATPs) wat jaarsliks vrygestel word.

Gebruik ‘n dagboek: Dis belangrik om tred te hou met belangrike datums en spertye.

Gesonde leefstyl: Handhaaf ‘n gesonde leefstyl, want ‘n gesonde liggaam huisves ‘n gesonde gees. As jy fiks is, sal jy genoeg energie hê om die daaglikse uitdagings in die klaskamer en elders suksesvol aan te pak.

If it is to be, it is up to me: Hierdie tien 2-letterwoorde is die sleutel tot die sukses van jou onderwysloopbaan: Alles is 100% in jou eie hande. Jy is reeds opgelei en nou met die nodige motivering, toewyding en positiewe ingesteldheid is jy ten volle toegerus om van jou loopbaan ‘n reuse sukses te maak.

Ons wens jou alle sterkte en ‘n suksesvolle loopbaan toe.

***

Hoor Hier-onderwysdienste: Jou raadgewende onderwysvennoot bied die volgende gratis dienste:

- Die weeklikse Hoor Hier-onderwysnuusbrief: https://bit.ly/hoorhier
- Die Eksamenwebtuiste: www.ecexams.co.za
- Die Kurrikulumwebtuiste: www.eccurriculum.co.za
- Manage the Unmanageable: A Teacher’s Guide to Classroom Succes: www.ecexams.co.za/CM.htm